

Augustus
2012Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer	028 313 8000/8111
Brandweer	028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrieff van Munisipaliteit Overstrand

TYD-VAN-VERBRUIK HET GROOT INVLOED OP KOSTE

HELP KRAG SPAAR IN WINTER

Vir sowel die Overstrandse munisipaliteit as sy inwoners sal dit 'n goeie strategie wees om elektrisiteitsverbruik gedurende die wintermaande sover moontlik te beperk. Veral tussen 18:00 en 20:00 moet 'n mens alles wat onnodig is, afskakel.

Volgens die adjunkdirekteur van elektrotegniese dienste, mnr Deon Louw, het tyd van verbruik 'n groot invloed op elektrisiteitskoste en doelbewuste besparingspogings in die winter, wanneer dit Eskom-spitsseisoen is in terme van tyd-van-verbruik, kan vir almal tot groot voordeel wees.

Die munisipaliteit se aankoopkoste van elektrisiteit is in die maande van Junie tot Augustus sowat 55% hoër as gedurende die res van die jaar. "Ons as munisipaliteit beoog om gedurende hierdie maande ons eie elektrisiteitsverbruik sover moontlik te beperk. Die publiek kan help deur tussen 18:00 en 20:00 alle onnodige ligte en toerusting af te skakel," sê mnr Louw.

Elektrisiteitsverbruik word in drie tariefroepe per dag ingedeel. Die tariewe wissel van slegs 28.65c/kWh in die somer in nie-spits tye (tipies vanaf 22:00 tot 06:00) tot 239.47c/kWh vir spitsverbruik in die winter (tipies 07:00 tot 10:00 asook 18:00 tot 20:00). Persentasiegewys is daar dus 'n verskil van 735.85.

Ekonomies maak dit dus sin om die tydgleuwe waarin ons elektrisiteit gebruik, te beheer. Groot besparings kan bewerkstellig word deur ons verbruikspatrone te verander.

"Vir 'n munisipaliteit is dit byvoorbeeld moontlik om water- en rioolpomp wat gekoppel is aan reservoires so te programmeer dat hulle nie binne die spitsstye pomp nie of ten minste so min moontlik. Deur die energieverbruik van pompe te verskuif van die spitsstyd na die standaardtyd kan ons byvoorbeeld op energieverbruik 285% in die winterseisoen en 68% in die somerseisoen bespaar."

(Soos vermeld, is spitskoste 239.47c/kWh in die winter, terwyl dit slegs 68.86c/kWh in die somer is. Standaardkoste is 62,26c/kWh in die winter en 40.98c/kWh in die somer.)

Mnr Louw sê daar is 'n tyd-van-verbruik-tarief vir groot-maatverbruikers in Overstrand beskikbaar, maar die beginsel kan deur alle gebruikers toegepas word. Inwoners kan hul werksaamhede so aanpas dat elektrisiteitsverbruik tot 'n absolute minimum werkbare vlak beperk word.

Alternatiewe bronne van elektrisiteit, soos sonkrag, windkrag, en petrol- of dieselmotore, het hul ekonomiese voor- en nadele. Daar word selfs op nasionale vlak gewerk aan beleid en wetgewing wat dit vir huishoudings sal moontlik maak om oorskotelektrisiteit aan munisipaliteite en Eskom terug te verkoop.

Maar die beste raad vir huisbewoners, volgens mnr Louw, is om eerder warm aan te trek en nie verwarmers of verhitingsstoestelle aan te skakel nie.

Hy waarsku inwoners ook om lig te loop vir bedrieërs wat glo elektroniese skyfies verkoop om die koste van kragverbruik op voorafbetaalde meters te verlaag.



LOODSPROJEK VIR HAWELOSES

'n Tydelike oornagskuiling is einde Junie in garages by die Hermanus-kliniek ingerig om die ergste winterstorms vir haweloses te oorbrug, maar die moontlikheid van 'n rehabilitasiesentrum word in oorleg met die Armoedeforum ondersoek. Opnames het aangetoon dat net in Hermanus daar sowat twintig behoeftige mense van die straat af moet leef. Een van hulle, mnr Willem Jantjies, sal in beheer wees van diegene wat van die oornagskuiling gebruik maak. Matrasse en komberse is deur die Munisipaliteit voorsien en daar word ook gekyk na die voorsiening van 'n chemiese toilet en 'n klein watertent. Wetstoepassers sal die fasiliteit gereeld besoek om te verseker dat alles ordelik geskied. By 'n inspeksie tydens die inrigting van die garages was van links Desiree Arrison (Direkteur van Bestuursdienste), Edward Fisher (wetstoepassingsbeampte), Willem Jantjies, Nicolette Botha-Guthrie (Uitvoerende Burgemeester), Phillip de Gruchy (wetstoepassingsbeampte) en Neville Michaels (Direkteur van Beskermingsdienste). Albert Lourens (munisipale skryfwerker) laai materiale af.

SKAKEL OOR NA KOOPKRAG

Munisipale kragverbruikers moet kennis neem dat elektrisiteitstariewe in die nuwe jaar so gestruktureer is dat verbruikers van voorafbetaalde krag minder per eenheid betaal as verbruikers wat nog van kredietmeters gebruik maak.

Die doel is om huishoudelike kragverbruikers aan te moedig om na voorafbetaalde krag oor te skakel.

'n Verbruiker se elektrisiteitsdeposito kan aangewend word om die omskakeling te finansier. Die deposito betaalbaar ten opsigte van voorafbetaalelektrisiteitsmeters is R360

teenoor die minimum deposito van R1 100 vir kredietmeters of twee maal die gemiddelde elektrisiteitsverbruik.

Die omskakeling vanaf kredietmeter na voorafbetaalelektrisiteitsmeter kos R975 (BTW ingesluit). Die kredietmeterdeposito minus die voorafbetaalelektrisiteitsdeposito is in 80% van gevalle genoeg om vir die omskakeling te betaal.

Kliënte is welkom om Elmarie Hooneberg, senior bestuurder van die Inkomstedeptement, by 028 313 8149 vir meer inligting te skakel.

VOERTUIGSKUT HELP IN STRYD TEEN PADSTERFTES

Die nuwe voertuigskut wat op Vrydag 8 Junie 2012 deur die provinsiale Minister van Gemeenskapsveiligheid, mnr Dan Plato, saam met Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, rdl Nicolette Botha-Guthrie in Onrusrivier geopen is, vorm deel van 'n groter plan om voor 2014 padsterftes in die Wes-Kaap met 50% te verminder.

Die projek is 'n vennootskap tussen die Wes-Kaapse Departemente van Vervoer en Openbare Werke asook Gemeenskapveiligheid en die Munisipaliteit Overstrand. Die fasiliteit wat teen 'n koste van R1 miljoen ontwikkel is, is deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke gefinansier en die projek is deur Overstrand bestuur.

Dit is reeds die vierde voertuigskut wat as deel van die Veilig Tuis projek in die Wes-Kaap opgerig is en sal al die munisipaliteite in die Overberg bedien. Die doel van die skut is om die wettige bedryf van openbare vervoer te bevorder. Operateurs in dié bedryf moet oor die nodige permitte beskik en aan die voorwaardes van hul lisensies voldoen.

Indien probleme met lisensies ondervind word tydens inspeksies deur die padowerhede, word oortreders sty-



Mnr Dan Plato, Wes-Kaapse Minister van Gemeenskapsveiligheid, en Burge-meester Nicolette Botha-Guthrie is duidelik in hul skik met die nuwe voertuigskut wat danksy samewerkende regering in Overstrand ontwikkel is.

we boetes opgelê en die taxi's geskut totdat die probleme uitgestryk is.

Me N Tsipa-Sipoyo, direkteur van landvervoerveiligheid, het die versekering gegee dat die skut aan alle wetlike vereistes voldoen en reeds in Maart by wyse van 'n kennisgewing in die Provinsiale Koerant tot 'n bewaarplek vir die skut van motorvoertuie verklaar is. 'n Voltydse bestuurder is reeds vir die skut aangestel.

Volgens mnr Yasir Ahmed, hoofdi-

rekteur: vervoerregulering van die Departement van Vervoer en Openbare Werke, is daar op die plan besluit omdat die impak van 16 000 sterftes per jaar op ons land se paaie net te groot is. Die tragedie word vererger deur die feit dat dit nie die jaagduiwels of die dronkbestuurders is wat sterf nie, maar meestal die onskuldige passasier, voetganger of bestuurder van die ander voertuig wat in die ongeluk betrokke was.

Navorsing dui ook op 'n verband

tussen misdaad en diegene wat padreëls en spoedperke oortree.

Mnr Kenny Africa, hoofdirekteur van die Wes-Kaapse Provinsiale Verkeersdiens, het vertel dat hy onlangs 'n voertuig wat hom oor 'n spersstreep en teen 'n blinde hoogte verbygesteek het, agterna gesit het. Na 'n roekelose jaagtog teen meer as 200 km/u is die oortreder uiteindelik afgetrek en is 49 kg dagga in die voertuig gevind. Dit is nou standaardpraktyk in sy departement om voertuie wat afgetrek word, te deursoek en sodoende die polisie in hul stryd teen misdaad by te staan.

Samewerkende regering is volgens mnr Plato die wenresep in die Wes-Kaap. Hy het gesê deur saam te werk kan die provinsie en munisipaliteite soveel meer bereik. "Daar is diensleweringproteste regoor die land omdat mense dienste wil hê en nie net praatjies nie. Ons plig is om die behoeftes van ons mense te bevredig."

Die Burgemeester het gesê sy was beïndruk met die professionele wyse waarop die projek gehanteer is en dat die munisipaliteit en sy "manne en vroue in blou" oorgehaal is om 'n sukses daarvan te maak.

WEES VERSIGTIG MET OORSKRYDINGS

Heelwat besware is ontvang oor tuinmaak en ander inbreukmakende aktiwiteite op padreserwes en openbare deurgange wat aan die munisipaliteit behoort. Hoewel die Overstrand Munisipaliteit inwoners aanmoedig om die padreserwes aangrensend aan hul eiendom te onderhou, kan dit onwettig wees indien daar nie gehou word by die bepalinge van die Beleid op die Administrasie van Onroerende Eiendom (2009) nie.

Die volgende aanhaling uit die beleid is ter sake: *Die Munisipaliteit kan, onderhewig aan sodanige voorwaardes wat die Munisipaliteit nodig mag ag, oorskrydings op padreserwes en openbare deurgange toelaat om aangrensende eienaars aan te moedig om padreserwes aangrensend aan hul eiendom te onderhou, op voorwaarde dat:*

- die plant van bome, struik en uitheemse gras of die oprigting van bankies, standbeelde en dergelyke voorwerpe binne 1,5 meter gemeet van die teen- of grondoppervlak van die pad, nie toegelaat word nie;
- die plant van gras wat deur die relevante munisipale direksie goedgekeur is, word binne die gemelde 1,5 meter gebied toegelaat op voorwaarde dat die eienaar van die aangrensende grond te alle tye voetgangers vrye be-

weging oor daardie oorskryde gebiede sal verleen;

- geen sodanige oorskryding mag gedeeltelik of ten volle toegeskamp of omhein op welke wyse ook al wees nie, permanent of andersins, vir die eksklusiewe gebruik van die aangrensende eienaar;
- geen oorskrydingsfooi sal deur die Munisipaliteit gehê word nie en geen formele ooreenkoms aangaande bogenoemde oorskryding hoef gesluit te word nie;
- die Munisipaliteit sal te alle tye die reg van vrye toegang tot die oorskryding hê vir inspeksie, onderhoud en herstel van enige dienste wat die oorskryding mag deurkruis of om sodanige dienste te installeer, in welke geval die Munisipaliteit nie aanspreeklik sal wees nie vir enige skade aan die oorskryding wat mag spruit uit sodanige inspeksie, onderhoud, herstel of installering.

'n Oorskryding op munisipale eiendom is slegs wettig indien die oorskryder bogenoemde nakom of in besit is van 'n oorskrydingsooreenkoms met die Munisipaliteit. Enigeen wat die maatreëls verontagsaam, stel hom- of haarself bloot aan vervolging.

Navrae kan gerig word aan Léandra Minnaar by 028 313 8109 of e-pos haar by lminnaar@overstrand.gov.za.

MORELE STANDAARDE-INISIATIEF

Waardes in die gesin

Dit is deeglik bewys dat kinders se waardes deur ouers vasgelê word. Ouers se voorbeeld praat harder as woorde. Dubbele standaarde werk dus nie by kinders nie. Hulle leer vinnig!

Kinders leer respek aan deur die manier waarop Pa met Ma praat. Die soort taal wat volwassenes gebruik as hulle kwaad is, hoe mans teenoor vroue optree, hoe ouers leiers in die land en gemeenskap gepraat word, hoe ouers mense van ander kulture gedink word, alles bepaal of die waarde van respek by kinders gevestig word. Kinders wat respek ontvang, kan respek uitdeel.

Kinders moet nie net leer om gehoorsaam te wees nie. Hulle moet leer om verantwoordelik te wees. Kinders moet betrek word by die besluite wat in die huis geneem word. Dit beteken dat ouers en kinders saam verantwoordelikheid neem vir die huishouding, geldsake, dissipline en funksionering van die huis. Hulle moet leer om besluite te neem en in te staan vir die gevolge.

Oorbeskerming doen 'n kind meer kwaad as goed. Verantwoordelike kinders het meer selfvertroue en kan beter keuses maak. Gehoorsame kinders doen net wat die ouers sê uit vrees vir straf. Ons land benodig meer verantwoordelike jongmense.

Ouers met deernis stel 'n goeie voorbeeld aan hul kinders. Kinders sien wat liefde, omgee en daadwerklike hulp aan ander beteken. Hulle sien wat dit beteken om nie net vir jouself te lewe nie. Hulle ervaar die vreugde om te deel, sien die dankbaarheid in die oë van dié wat genade ontvang. Omgee werk materialisme tee en skep medemenslikheid. Dit spreek kinders aan.

Waardes word binne die familie oorgedra. Watter soort waardes speel 'n rol in julle huis? Daarom het ouers en familie 'n groot verantwoordelikheid teenoor ons kinders. Vandag se keuses bepaal môre se vreugdes!

- Wilhelm Burger

HET JY GEWEET?

Bed & Ontbyt-ondernemings asook gashuise kan aansoek doen vir die volgende eiendomsbelastingkortings ingevolge die verskil tussen besigheid- en residensiële heffings.

- 1 x verhuurbare kamer: 100%
- 2 x verhuurbare kamers: 80%

- 3 x verhuurbare kamers: 60%
- 4 x verhuurbare kamers: 40%
- 5 x verhuurbare kamers: 20%

Navrae: Antoinette Geldenhuys, bestuurder van eiendomsbelasting, tel 028 313 8050.

WOULD YOU PREFER THIS NEWSLETTER IN ANOTHER OFFICIAL LANGUAGE? SMS your account number with E for English to 082 338 1631

UNGATHANDA LENCWADI YESAZISO-NDABA IBHALWE NGOLUNYE ULWIMI? Thumela i-SMS enenombolo ye-akhawunti yakho kunye no X omele isi Xhosa kule nombolo 082 338 1631